# INTERHUIS GALA UITSLAE 2021

## INTERHUIS KAMPIOENSKAPSGALA: Dinsdag, 19 Oktober 2021

Die afgelope 18 maande se sport was vol beproewings! Ons het vir die eerste keer die gala verdeel in 'n Grondslagfasegala (Gr. 1-3) en 'n Senior gala (Gr. 4-7) en die gala oor twee dae gehou. Die rede hiervoor was om te verhoed dat die aantal mense in die swembadarea, nie die Covid-beperkings oorskry nie.

Dit was ons eerste geleentheid vir 2021! Baie dankie aan **Morné Rossouw** van **Encodepro**, wat dit vir ons moontlike gemaak het om die geleentheid regstreeks te stroom, sodat die ouers deel van geleentheid kon wees 😊.
Ons het uit die vorige dag se ervaring geleer en vir die ouers die program met tye en swemmers gestuur, sodat hulle presies geweet het wanneer hul kinders swem.

Ons het beslis die ouers se ondersteuning en die algehele atmosfeer by die swembad gemis!

Die standaard was soos altyd, baie hoog. Ons wens elke swemmer wat deelgeneem het en punte vir hulle span verdien het, hartlik geluk. Alhoewel dit 'n baie kompeterende gala was, was ons baie beïndruk met die kameraadskap tussen die swemmers.

In sommige items was die uitslag so naby, dat ons van tegnologie gebruik gemaak het, om te verseker dat die plasings korrek is.

Die senior swemmers het gelei deur hul voorbeeld en dit was 'n plesier om hul te sien kompeteer. Hulle is 'n fantastiese groep en die meeste van hulle swem al vanaf Graad 1 saam. Hulle is wonderlike ambassadeurs vir Kenridge en vir swem. Ons is uiters trots op hulle en hul prestasies.

| | |
|---|---|
| **TULBAGH HUIS Gr. 7 swemmers** | Conrad Strydom, James Adendorff, Eugene Theron, Zoe Green, Rachel de Wet, Alex Joseph, Hannah & Ethan Mc Namara, Ka'lel Gerber, Mulan van Wyk, Jean-Luc du Toit |
| **VAN DER STEL HUIS Gr. 7 swemmers** | Francis Eagar, Olivia Jongsma |
| **VAN RIEBEECK HUIS Gr 7 swemmers** | Maddie Hayes, Zinhle Nondo, Jané Grey |

## Trofeewenners en die wenhuis se skild:

**'n Spesiale geluk aan**:

| |
|---|
| Junior Victrix Ludorum (O/10 - O/11): Larah Aucamp (Tulbagh) |
| Junior Victor Ludorum (O/10 - O/11): Aragon Afonso (Tulbagh) |
| |
| Senior Victrix Ludorum (O/12 - O/13): Emma Rossouw (Van Riebeeck) |
| Senior Victor Ludorum (O/12 - O/13): Conrad Strydom (Tulbagh) |






Larah Aucamp

Aragon Afonso




Emma Rossouw




Conrad Strydom

SPAR
VAN RIEBEECKSHOF

Die eindresultaat:

| | | |
|---|---|---|
| **1ste** | **TULBAGH** | **849** |
| **2de** | **VAN DER STEL** | **521** |
| **3de** | **VAN RIEBEECK** | **423** |

Baie geluk aan die wenhuis, TULBAGH, gevolg deur Van Der Stel en Van Riebeeck. Tulbagh het nou reeds ses jaar agtereenvolgend, in styl, oortuigend gewen!

Baie geluk aan die Tulbagh Senior swemmers:
Conrad Strydom, Zoe Green, James Adendorff en Rachel de Wet.




Baie geluk aan al die swemmers 😊!

SPAR
VAN RIEBEECKSHOF


1
2
3


















KEN DGE
wim Swe
VAN R
CKSH












arena




KPS




Swim


Swem




KENRIDGE
Swimming·Swem
SPAR












KENRIDGE
Swimming·Swem
SPAR
KPS




KENRIDGE
KENRIDGE




arena



























Baie dankie aan SPAR vir die pragtige medaljes 😊

SPAR
VAN RIEBEECKSHOF

Die Graad 7 swemmers van Tulbagh 😊




Mev Smith open die gala. Hierdie is die eerste gala in ons verhitte swembad!

